

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) [STILTETYE] 1 JOHANNES 4 - 5, 2 JOHANNES 1 en 3 JOHANNES 1
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Johannes 4 – 5, 2 Johannes en 3 Johannes). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) [CHRISTELIKE OUERSKAP] HERHAAL REEKS H
----------	--

Herhaal die 5 Bybelverse van reeks H. "Christelike ouerskap."

- (1) Liefhê deur te spaar. 2 Korintiërs 12:14b-15a. "Dit is immers nie die kinders wat vir die ouers sorg nie, maar die ouers vir die kinders. Ek sou graag alles wil gee vir julle lewe, ja, ook myself."
- (2) Ontwikkel alle terreine. Spreuke 22:6. "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie."
- (3) Leer God se Woord. Deuteronomium 6:6-7. "Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."
- (4) Voed op in die Here. Efesiërs 6:4. "En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil."
- (5) Liefhê deur tug: Spreuke 13:24. "Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is."

4	BYBELSTUDIE (85 minute) [EVANGELIE VAN JOHANNES] JOHANNES 19:1-42
----------	---

Inleiding. In Johannes 19 word Jesus deur die Romeinse soldate *gevangene*, deur die Jode *verwerp* en op Golgota (Kopbeenplek) *gekruisig* en na sy dood deur Josef van Arimatea en Nikodemus in 'n graf *begrawe*. Die Jode het Jesus Christus *tot die dood veroordeel* en die nie-Jode het *die vonnis voltrek*.

Jesus is *gemartel* (Johannes 19:1-7; Matteus 27:22-23,27-30; Markus 15:12-14,16-19; Lukas 23:20-22).

Jesus is *veroordeel* (Johannes 19:8-16a; Matteus 27:24-26,31; Markus 15:15,20; Lukas 23:23-25).

Jesus is *gekruisig* (Johannes 19:16b-37; Matteus 27:32-56; Markus 15:21-41; Lukas 23:26-49).

Jesus is *begrawe* (Johannes 38-42; Matteus 27:57-66; Markus 15:42-47; Lukas 23:50-56).

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Johannes 19:1-42 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <i>Skryf neer.</i> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <i>Deel.</i> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

Ontdekking 1. Die absolute onskuld van Jesus Christus.

(1) Die gouwerneur het die absolute onskuld van Jesus Christus aangekondig.

Dit is besonder duidelik hoeveel keer die hoogste gesag in die land (die Romeinse goewerneur Pilatus) Jesus heeltemal onskuldig verklaar het! Hy het Jesus uitgebring uit die hofgebou en het Hom voor die Joodse skare laat staan terwyl hy Hom heeltemal onskuldig verklaar! Hy het gesê: “Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie” (Johannes 19:4)! Drie keer in die Johannes Evangelie het hy gesê: “..ék vind geen skuld in hom nie” (Johannes 18:38; 19:4,6)!

En in die Lukas Evangelie het hy drie keer gesê: “Ek vind geen skuld in hierdie man nie” (Lukas 23:4). “Julle het hierdie man voor my gebring as ’n opruier van die volk. Nou het ek in julle teenwoordigheid die saak ondersoek, en ek het in hierdie man geen grond gevind vir die aanklag wat julle teen hom inbring nie. Herodes het ook nie, want hy het hom na ons toe teruggestuur. Hy het beslis niks gedoen wat die dood verdien nie” (Lukas 23:14-15)! Die derde keer sê Pilatus vir hulle: “Watter kwaad het die man gedoen? Ek het in hom niks gekry wat die doodstraf regverdig nie..” (Lukas 23:22)! Deur die hoogste menslike regstelsel op aarde het God die volkome onskuld van Jesus Christus openlik laat verklaar!

Maar as Jesus Christus onskuldig was, hoe kan die regverdige God dan toegelaat het dat Hy gekruisig word? Die enigste korrekte antwoord word in Jesaja 53:6 en 8 gevind: “Die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom. .. dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.” Dit was die goddelike rede waarom Jesus Christus nie vrygelaat is nie! Jesus Christus was volkome onskuldig en tog het Hy in óns plek gesterf as ’n versoeningsoffer vir óns sondes!

(2) Die Romeinse goewerneur was banger vir die mense as vir God.

Toe die goewerneur hoor om watter rede die Jode Jesus wou doodmaak, naamlik, dat Hy gesê het dat “Hy die Seun van God is”, was Pilatus baie bang! Pilatus was nie net bang vir die politieke mag van die Jode nie, maar ook bang vir die geestelike mag van God! Pilatus was bygelowig en het gevrees dat hy miskien ’n onbekende god sou kwaad maak. Hy het Jesus binne-in sy paleis ingebring en Hom gevra waar Hy vandaan kom. As hy goed geluister het, sou hy gehoor het dat Jesus al vroeër vir hom gesê het dat Hy van die hemel af gekom het om ’n geestelike Koninkryk op die aarde te vestig (Johannes 18:36-37). Hierdie keer het Jesus Hom egter geen antwoord gegee nie. Pilatus het geen antwoord verdien nie, omdat hy, ten spyte daarvan dat hy Jesus Christus al driekeer in die openbaar heeltemal onskuldig bevind het, hy tog bevel gegee het dat Jesus byna dood gegee word! Die goewerneur was ’n onbetroubare, korrupte leuenaar. Hy was ook bang vir die mense wat onder sy gesag was, naamlik, dat die Jode hom by die Romeinse keiser sou beskuldig en dat hy sy politieke posisie in Judea en selfs sy lewe kon verloor. Dit was die menslike rede waarom Jesus nie vrygelaat is nie!

Ontdekking 2. Die betekenis van die laaste woorde van Jesus Christus aan die kruis.

(1) Die sewe kruiswoorde van Jezus.

Uit die vier Evangelies weet ons dat Jesus sewe keer van die kruis af gepraat het:

- Aan God die Vader het Hy gesê: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie” (Lukas 23:34).
- Aan een van die misdadigers het Hy gesê: “Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees” (Lukas 23:43).
- Aan Maria het Hy gesê: “Daar is u seun” en aan Johannes: “Daar is jou moeder!” (Johannes 19:26-27)
- Tot God die Vader het Hy geroep: “My God, My God, waarom het U My verlaat?” (Matteus 27:46)
- Aan die soldate het Hy gesê: “Ek het dors!” (Johannes 19:28)
- Toe het Hy gesê: “Dit is volbring!” (Johannes 19:30)
- En sy laaste woorde was: “Vader, in U hande gee Ek My gees oor” (Lukas 23:46).

(2) Die verlossingswerk is voltooi.

Toe Jesus gesê het “Dit is volbring *en bly vir ewig volbring* (Grieks: tetelestai) (voltooid teenwoordige tyd)!” het Hy bedoel dat sy hele verlossingswerk (die versoeningsoffer aan die kruis) voltooi was! In Jesus se gedagtes was sy kruisiging en begraving so absoluut seker, dat Hy daarvoor kon praat asof dit reeds heeltemal volbring was! Niemand op aarde kan aan die verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het, iets toevoeg nie! As iemand gered (verlos) word, dan gaan dit alleenlik om dit wat Jesus Christus vir hom gedoen het en nie om wat hy vir Jesus Christus gedoen het nie! Geen enkele godsdienstige mens word ooit gered (verlos, geregverdig) deur sy eie godsdienstige werke (bv. sy belydenis dat daar net één god is, sy gebede ’n sekere aantal kere per dag te bid, geleenthede wat hy vas, sy gee van bedrae van geld en sy pelgrimsreise) of sy goeie werke nie (Efesiërs 2:8-9)! Geen terroris sal na die paradys toe gaan omdat hy in ’n heilige oorlog gesterf het nie! Geen mens uit enige godsdienst ter wêreld sal geregverdig (vrygespreek) word deur die onderhouding van die wet nie (Galasiërs 2:16)!

(3) Jesus het na sy menslike natuur gely en gesterf.

Toe Hy uiteindelik sy menslike gees in die hande van God die Vader oorgegee het, het dit duidelik bewys dat niemand sy menslike lewe van Hom afgeneem het nie, maar dat Hy sy lewe doelbewus en vrywillig gegee het as 'n versoeningsoffer vir die sondes (Johannes 10:17-18). Hy het gesterf, sodat ek mag lewe! Hy het in my plek gesterf! En toe Hy sy gees oorgegee het in die hande van God, bewys dit dat God die Vader Hom nooit verwerp het nie, maar juis sy versoeningsoffer vir die mense se sondes aanvaar het! Dit bewys ook dat Hy tussen sy dood en opstanding in die hemel was en nie afgedaal het na die doderyk/hel om mense 'n tweede kans te gee nie.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 19:1 - 42 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

19:1-3

Vraag 1. Hoe is Jesus Christus gemartel?

Aantekeninge.

(1) Jesus is geesel.

Pilatus het beveel dat Jesus geesel moes word. Hy (Pilatus) het steeds gesoek na 'n kompromis ten einde Jesus nie ter dood te veroordeel nie! Hy het gehoop dat die skare medelye met Jesus sou kry en Hom van die dood sou red. 'Gesel' was 'n verskriklike metode om mense te martel. Die Romeinse sweep het bestaan uit 'n hout handvat met 'n aantal leer rieme waaraan stukkie yster en bene aan die punt vasgemaak was. Die slae van die sweep is oor die hele liggaam gegee en veral oor die kaal en geboë rug van die slagoffer. Sy liggaam is deur die slae oopgeruk sodat are stukkend gegaan het en gebloei het en selfs organe is soms met die slae oopgeruk! Dit het dikwels die dood van die geeselde persoon veroorsaak. As iemand vóór sy vonnis se voltrekking geesel is, was dit 'n teken dat hy gekruisig sou word. In die Romeinse Ryk was slegs Romeinse burgers daarvan vrygestel om geesel en gekruisig te word.

(2) Jesus het gely onder 'n skyn kroning.

Die Romeinse soldate het Jesus in die voorhof van die goeweneurswoning gemartel. Hulle het 'n doringkroon op sy kop vasgedruk sodat bloed langs sy gesig afgeloop het. Hulle het vir Hom 'n soldatemantel om sy skouers gegooi en 'n riet in sy hand gesit as koningstaf. Toe het hulle rondom Hom gemarsjeer en vir die skyn Hom gesalueer en Hom in die gesig geslaan!

19:10-11

Vraag 2. Hoe is Jesus Christus gedreig?

Aantekeninge. Die goewerneur was kwaad omdat Jesus geweier het om sy vrae te antwoord. Daarom het hy begin om Jesus te dreig. Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy die mag het om Jesus dood te maak of te laat lewe. Toe eers het Jesus hom geantwoord en gesê: "U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo (d.w.s. van God) aan u gegee was nie." Jesus het hiermee geleer dat, hoewel politieke en militêre leiers sekere mag en gesag het, het die God van die Bybel hierdie mag en gesag aan hulle gedelegeer. Politieke, militêre en geregtelike mag en gesag word aan bepaalde mense op die aarde gegee om die mense onder hulle namens die God van die Bybel met reg en geregtigheid te regeer. Hierdie gesagdraers is teenoor God verantwoordelik en sal aan God rekenskap moet gee oor hoe hulle hul mag en gesag gebruik of misbruik het (Romeine 13:1-7).

Mense vra soms: "Wie het eintlik die mag in hierdie wêreld?" Die Bybel leer dat die satan en sy demone en die bese mense onder hulle beheer alleen (beperkte) mag het in die sondige wêreld (1 Johannes 5:19), maar dat alle (onbeperkte) mag in die hemel (die heelal) en op die aarde (alle lande) aan Jesus Christus gegee is (Matteus 28:18).

Hy het die sleutels wat deure kan toesluit sodat niemand dit kan oopmaak nie en geslote deure kan oopmaak wat niemand kan sluit nie (Openbaring 3:7-8).

Omdat alle mag aan Jesus Christus behoort, waarsku Psalm 2 die leiers in die wêreld: "Wees dan nou verstandig, konings, wees gewaarsku, regeerders van die aarde! Julle moet die Here met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig en Hom onderdanig wees, sodat Hy nie toornig word en julle op die pad omkom nie, want sy toorn ontvlam gou. Dit gaan goed met almal wat by Hom skuiling soek" (Psalm 2:10-12)!

19:14-22

Vraag 3. Hoe is die spot met Jesus Christus in die openbaar gedryf?

Aantekeninge.

(1) Die gesigspunt van die goewerneur.

Die Jode het die goewerneur suksesvol gedreig en gedwing om die onskuldige Jesus Christus te laat doodmaak. Maar nou het hy 'n belediging teruggegooi na die Jode se kant toe deur Jesus Christus 'die koning van die Jode' te noem. Dit was die laaste ding wat hulle wou hoor en hulle het tevergeefs geprobeer om sy gedagtes te verander. Die goewerneur het die Jode selfs gedwing om te erken dat die wêreldse Romeinse keiser hulle enigste koning was (Johannes 19:15)!

Die goewerneur het die belediging nog erger gemaak deur op 'n kennisgewingbord die woorde "Jesus die Nasarener, die koning van die Jode" te laat skryf en bo-aan die kruis vas te sit (Johannes 19:19; Matteus 27:37). Dit was die gebruik om die misdaad van die gekruisigde bo-aan die kruis te skryf. Maar in Jesus Christus se geval was daar geen misdaad nie! Die Joodse godsdienstige leiers het probeer om die goewerneur tot andere insigte te bring. Hy moes laat skryf het dat Jesus (alleen maar) beweer het dat Hy die koning van die Jode was. Maar dit was tevergeefs! Die goewerneur het die verwysing in die drie belangrikste tale in Judea laat opskryf (Hebreeus, Grieks en Latyn)(Johannes 19:20). Duisende Jode het daarlangs gekom en die opskrif teen die kruis gelees. Die goewerneur het die opskrif as 'n belediging teenoor die Joodse godsdienstige leiers bedoel. Hulle het die doodstraf van Jesus Christus op hom afgedwing. Nou moes hulle rekening hou met die feit dat hulle hul eie Koning verwerp en gekruisig het!

(2) Die gesigspunt van God.

Die Joodse godsdienstige leiers het gedink dat hulle van Jesus Christus ontslae kon raak deur Hom te laat kruisig. Maar die soewereine God van die Bybel het hierdie oënskynlike nederlaag van Jesus Christus in die grootste oorwinning in die wêreldgeskiedenis omgekeer (1 Korintiërs 2:8)! Die dood van Jesus Christus is God se manier om sondaars met Hom te versoen! Die dood van Jesus Christus was die oorwinning oor alle sondes, oor alle onregverdige mense, oor die sondige wêreld, oor die satan en sy demone en oor die dood en verderf. Van God se kant gesien, is Jesus Christus nie maar net 'die Koning van die Jode' nie, maar die lang verwagte Messias, wat die Koning van alle konings op die aarde is (Openbaring 1:5; 17:14; 19:16)! Van nou af is alle mag in die hemel en op aarde in die hande van Jesus Christus en heers Hy oor die hele wêreld in belang van sy Kerk (Gemeente) (Efesiërs 1:19-22).

19:17-18

Vraag 4. Hoe is Jesus Christus gekruisig?

Aantekeninge. Johannes vertel dat Jesus eers sy eie kruis gedra het. Maar omdat die geseling sy rug sodanig stukkend gemaak het, was dit te swaar vir Hom. Lukas 23 het beskryf wat onderweg na Golgota gebeur het: Simon van Sirene is gegryp en hy moes Jesus se kruis agter Hom aandra; 'n groot menigte het Hom gevolg; vroue wat treur en huil; twee ter doodveroordeelde misdadigers is saam met Hom weggelei. Daar op Golgota is Jesus Christus tussen hierdie twee misdadigers gekruisig.

(1) Die vorm van die kruis.

Baie is al geskryf oor die vorm van die kruis. Sommige mense dink dat dit die vorm van 'n "X" gehad het en andere het gedink dat dit die vorm van 'n "T" gehad het, maar die beste is om dit te beskou in die vorm van "'n Romeinse swaard", met 'n lang vertikale en 'n kort horisontale balk, omdat die opskrif bo die kop van Jesus vasgemaak is (Lukas 23:38).

(2) Hoe sterf mense wat gekruisig word.

Dood deur kruisiging was 'n baie wrede manier van marteling en doodmaak van 'n persoon. Dit is deur verskillende volke gebruik, maar die Romeine het die straf net vir slawe en kriminele gereserveer. Terwyl die houtkruis op die grond gelê het, het die soldate die hande en voete van die misdadiger aan die kruis vasgespyker. Dan is die kruis omhoog getrek en die onderste punt van die kruis is met 'n harde slag in die gat laat val waarin die kruis geplant was. Die voete het gerus op 'n klein plankie onderaan die paal naby die grond. Kruisiging was verskriklik pynlik: daar het ontsteking in die spykerwonde ontstaan, en die wonde het verder opgeswel. Die pyn was ondraaglik in die sening en spiere, 'n kloppende hoofpyn, brandende dors en verskriklike ongemak met die asemhaling (want die slagoffer moes hom aan sy vasgespykerde hande optrek en op sy vasgespykerde voete trap om homself op te stoot met elke asemteug).

(3) Die betekenis van die kruisiging.

Baie meer as al die liggaamlike lyding, het Jesus Christus onder die lading van die sondes van die wêreld, wat Hy op Homself geneem het, gely (1 Petrus 2:24)! Aan die kruis het Hy in sy menslike natuur ervaar wat dit beteken om deur God verlaat te word. Die Ou Testament het 'n mens wat aan 'n hout gehang het, beskou as "een wat deur God vervloek is" (Deuteronomium 21:23). Die Nuwe Testament het geleer dat Jesus Christus "'n vloek vir mense" geword het, sodat "die seën van Abraham" na die Jode en nie-Jode toe kon kom (Galasiërs 3:13-14).

(4) Die plek van die kruisiging.

Jesus Christus is buite die stad Jerusalem gekruisig en dit was nóg 'n teken dat Hy 'vervloek' was (Levitikus 16:27; Hebreërs 13:12-13). Die plek van kruisiging was Golgota of 'Kopbeenplek' genoem. Niemand weet presies waar die plek was nie en dit is onbelangrik om te spekuleer of dit by 'die Kerk van die Heilige Graf' of by 'Gordon's Golgota' was. Die Bybel beskou dergelike historiese plekke nie as 'heilig' nie en hulle moet ook nie geëer word as bedevaartsplekke vir pelgrims nie!

(5) De kruisiging van twee misdadigers.

Jesus Christus was tussen twee ander misdadigers gekruisig (vergelyk Jesaja 53:12). Van die goewerneur se kant gesien het hy dit bedoel as 'n belediging vir die Jode: hulle Koning moet as 'n misdadiger beskou word! Maar van God se kant gesien was dit 'n eer: omdat Jesus Christus "in die wêreld gekom het om sondaars te soek en te red (verlos)" (Lukas 19:10).

19:38-43

Vraag 5. Hoe is Jesus Christus begrawe?

Aantekeninge. Jesus Christus is deur Josef van Arimatea en Nikodemus in 'n graf van 'n ryk man begrawe. Josef was 'n ryk man (Matteus 27:57), 'n godsdienstige man wat die Koninkryk van God verwag het (Lukas 23:51) en ook 'n lid van die Sanhedrin was (Markus 15:43). Hy het nie ingestem met die voorneme en handelswyse van die Joodse godsdienstige leiers nie (Lukas 23:51). Hy was 'n geheime volgeling van Jesus Christus, omdat hy bang was vir die Jode. Waarskynlik was hy bang dat hy uit die Sanhedrin en uit die sinagoge gegooi sou word (ekskommunikasie) (vergelyk Johannes 9:22)! Maar die versoeningsdood van Jesus Christus en die liefde van Jesus Christus vir hom, het hom moedig gemaak. Nog voor die aanvang van die sabbat (vóór vrijdag sonsondergang) het hy gewaag om by Pilatus na binne te gaan en die liggaam van Jesus te vra (Markus 15:42-47).

Nikodemus was ook 'n lid van die Sanhedrin, 'n Fariseër en 'n verklaarder en leraar van die wet (die Ou Testament en die 613 wette wat deur die Jode toegevoeg is). Ook hy was aanvanklik bang vir die Jode, maar was later moedig genoeg om die Sanhedrin te vra of hulle wel iemand mag veroordeel sonder 'n verhoor om vas te stel wat hy verkeerd gedoen het (Johannes 7:50-52).

Die twee manne het die liggaam van Jesus van die kruis afgehaal, die liggaam in linnedoeke met speserye toegedraai en dit in 'n nuwe graf wat Josef eerder vir homself uit rots gekap het, neergelê. Die graf was naby die plek waar Jesus gekruisig is. Hulle het die graf toegemaak deur 'n groot ronde klip voor die opening te rol. Verskillende vrouens wat Jesus gevolg het en ook by die kruis was, het gesien waar en hoe hulle Hom begrawe het.

19:24,36-37

Vraag 6. Waarom teken die Bybel soveel vervulde profesieë aan?

Aantekeninge. Die vervulling van profesieë is een van die sterkste bewyse dat Jesus Christus waarlik die Seun van God is. Een wetenskaplike het 332 profesieë in die Ou Testament getel wat in Jesus Christus vervul was. Vergelyk 'Profesieë oor Jesus Christus' in Handleiding 3, Supplement 15. Die wiskundige waarskynlikheid dat 8 van hierdie profesieë in één enkele historiese mens vervul sou word, is gelykstaande aan één kans in 100 miljard (1 met 17 nulle)! Nét die God van die Bybel kan op hierdie manier profesieë vervul! Geen ander godsdiensboek in die wêreld is gelyk aan die Bybel nie!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Johannes 19:1-42.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 19:1-42.

- 19:1-3. 1 Petrus 2:21 sê: "Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg." Jesus is gearresteer, verhoor en veroordeel, selfs al was Hy heeltemal onskuldig! Hy is geysel met 'n sweep wat sy rug oopgeskeur het. Hy is met 'n doringkroon gekroon. Hy is in sy gesig geslaan. Uiteindelik is Hy gekruisig. Miskien kry jy 'n soortgelyke behandeling van jou vervolgers.
- 19:9. Jesaja 53:7 sê dat Hy mishandel en verneder is en tog het Hy nie sy mond oopgemaak nie. Daar is omstandighede waarin dit beter is dat jy liever nie jou mond oopmaak nie.
- 19:11. Ongeag watter vervolging en lyding jou te beurt val, mag jy seker weet en glo dat jou vyande geen mag oor jou het sonder dat God die Vader dit toegelaat het nie.
- 19:12. Moenie toegee as mense met oënskynlike dreigemente kom nie. Moenie swig voor immorele druk nie.
- 19:15. Moenie aan onregverdige mense 'n keuse gee nie, want hulle kán die slegste keuse maak!
- 19:25-27. Tref tydlig voorsorg vir jou ouers wat oud word. Laat iemand vir hulle sorg indien jyself nie instaat is nie.
- 19:30. Besluit om iemand te wees wat ook soos Jesus 'n moeilike taak heeltemal voltooi tot eer van God (Johannes 4:34; 17:4; Kolossense 4:17).

19:30. As jy sterf, gee jou gees dan oor in die hande van God die Vader (Lukas 23:46).

19:36-37. Maak 'n studie van die profesie oor Jesus Christus in die Ou Testament.

19:38-39. As jy nog steeds 'n geheime volgeling van Jesus Christus is, vra dat Hy jou moed en vrymoedigheid sal gee om te maak soos Josef van Arimatea en Nikodemus.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 19:1-42.

Ek kan my nie voorstel hoe Jesus Christus t.w.v. my, in my plek, gely het nie. Hoewel ek 'n denkbeeld oor sy lyding kan vorm, kan ek nooit sy plaasvervangende lyding met my menslike verstand deurgrond of ervaar nie, toe Hy die heilige en regverdige toorn van God teen my sondes op Homself geneem het! Ek dank Hom dat Hy vir my sondes versoening gedoen het, en my só met God versoen het en só my vir ewig gered (verlos) het!

Ek is baie diep onder die indruk hoe Jesus Christus Hom onder sy verskriklike lyding het gedra het. Toe Hy ondervra is, het Hy kalm antwoorde gegee of net stil gebly. Toe Hy uitgeskel is, het Hy nie terug geskel nie. En toe Hy (fisies) gely het, het Hy nie gedreig nie (1 Petrus 2:23). Hy het dit nie uitgeskreeu van pyn nie, maar het Hom soos 'n lam gedra wat gelei word om geslag te word (Jesaja 53:7). Geen ander mens kon doen wat Hy gedoen het nie! Ek bid dat God my baie genade sal gee om uit die voorbeeld van Jesus te leer en dit na te volg indien nodig.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 19:1-42.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]

BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]

VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 19 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Openbaring 1 - 3. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (16) Johannes 16:8. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.